Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

9 Maart 2022

Omsendskrywe 2 van 2022

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewer en Lede

BEGRAFNISSKEMA: *SANLAM DEVELOPING MARKETS LIMITED* BEKEND AS SANLAM SKY

In omsendskrywe 1 van 2022 waarin die kostes en premies vir 2022 uiteengesit was, is daar soos volg oor die begrafnisskema gekommunikeer:

Dat daar aan predikante gekommunikeer word dat die begrafnisskema met ingang van 1 Maart 2022 ingestel sal word mits daar min tot geen besware is (met ander woorde, dit sal aanvaar word dat die oorgrote meerderheid van predikante hiertoe instem).

Tot op datum van (dié) skrywe, is daar geen besware hieroor ontvang nie en daarom gaan die skema vir predikante ook ingestel word miv 1 Maart 2022. Die dekking vir predikante sal R15 000 per hooflid en kwalifiserende gade wees en R10 000 per kwalifiserende kind op 'n glyskaal van ouderdom. Die premie hiervoor is R30,00 per predikant per maand en belangrik, die dekking gaan voort na aftrede. 'n Aparte skrywe sal eersdaags uitgestuur word om meer detail te gee asook die inligting wat benodig word van elke gade. Die gedagte is dat predikante hierdie self betaal (soos die geval is met die gadeversekering) maar dit hang van elke gemeente af hoe hulle dit wil befonds.

Begrafnisskema vir Amptenare

Tydens dieselfde vergadering van 26 November, het die Bestuurskomitee besluit dat die begrafnisdekking vir alle amptenare, opgeskuif word na R15 000 per hooflid en kwalifiserende gade en 'n glyskaal vir kwalifiserende kinders. Die premie hiervoor is R16,80 per amptenaar vir solank die lid in diens is en R30,00 (soos vir predikante) vir voortsetting na aftrede. Daar sal eersdaags meer hieroor gekommunikeer word.

Hierdie skrywe is in opvolging van die kommunikasie hierbo.

Daar is twee verpligte "skemas" vir lede (lede moet aan een van hulle behoort) waarvan die goedkoopste een dekking bied tot en met uitdienstrede of aftrede en die ander een dekking ná uitdienstrede of aftrede bied.

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

Hieronder is ‘n opsomming van die twee opsies wat gebied word:

Opsie 1 (Dekking tot uitdienstrede of aftrede – maksimum ouderdom 70)		**Opsie 2 (Dekking na uitdienstrede en aftrede – maksimum ouderdom 120)**	
Hooflid	R 15 000	Hooflid	R 15 000
Gade	R 15 000	Gade	R 15 000
Kind 14 -21 jaar *	R 15 000	Kind 14 -21 jaar	R 15 000
Kind 6-13 jaar	R 5 000	Kind 6-13 jaar	R 5 000
Kind 1-5 jaar	R 3 750	Kind 1-5 jaar	R 3 750
Kind 0-11 maande	R 3 750	Kind 0-11 maande	R 3 750
Doodgebore	R 3 500	Doodgebore	R 3 500
Premie	**R 16,20**	**Premie**	**R 30,00**

Meerderjarige kinders kan tot ‘n maksimum ouderdom van 25 jaar dekking geniet met bewys van voltydse studie.
*(‘n Kind ouderdom 14 tot 21 se voordeel is nou ook R15 000 en nie R10 000 soos voorheen gekommunikeer nie).

Vrywillige aanvullingsskema “Top-Up”

Hierdie is ‘n opsionele keuse vir lede wat hulle dekking met R 5 000 wil verhoog (en ander bedrae vir kinders jonger as 14).
Die bedrae is soos volg vir lede/afhanklikes in die verskillende ouderdomsgroepe:

Opsie 1 en 2	
Hooflid	R 5 000
Gade	R 5 000
Kind 14 -21 jaar	R 5 000
Kind 6-13 jaar	R 2 500
Kind 1-5 jaar	R 1 250
Kind 0-11 maande	R 1 250
Doodgebore	R 1 250
Premie	**R 18,00**

Toetree en stakingsouderdom

Die laatste ouderdom vir toetrede tot die skemas is ouderdom 64. Die stakingsouderdom vir opsie 1 is ouderdom 65 (met normale aftrede) of ouderdom 70 indien die lid sy diens voortsit na ouderdom 65 en aanbly tot ouderdom 70. Vir opsie 2 is die stakingsouderdom 120.

Vir Predikante

Hierdie is ‘n nuwe verpligte skema vir predikante. Alle predikante moet aan Opsie 2 behoort sodat hul die voordeel van die dekking na aftrede kan geniet. U is welkom om die voordeel aan te vul soos hierbo verduidelik. Dit is vrywillig. Enkele predikante sal nie kwalifiseer vir toetrede tot hierdie skema nie weens hul ouderdom.

Vir Amptenare

Die begrafnisskema sal bekend aan u wees. Die skema is reeds in 2013 die eerste keer gevestig toe Phakama die diensverskaffer was. Later is dit na Sanlam Sky oorgeskuif. Baie lede is op Opsie 1 en u sal merk dat dit nou effe duurder is as die vorige premie van R11,20 maar dat die dekkingsbedrae ook nou hoër is. Daardie lede wat die aanvulling of "top-up" gekies het, sal merk dat hul totale premie laer is vir die waarde van die vorige "top-up" voordeel (R11,20 + R18,00 = R29,20) teenoor die premie vir die verhoogde voordeel (R16,20) maar met dieselfde waarde as die "top-up" voordeel. U spaar dus in die orde van R13,00. Omdat die aanvullingsvoordeel vrywillig is, kan u die vorige aanvulling kanselleer.

Ons het probeer om aan alle lede 'n eenmalige keuse te gee om op te skuif na die voordeel wat na aftrede voortgaan maar sonder sukses. Indien u dus aanvanklik Opsie 1 gekies het, sal u hiermee moet voortgaan. Nuwe toetredes egter, kan uiteraard enige een van die twee opsies kies.

Maandelikse premies en skedules

Die premies moet maandeliks teen die 30ste van die maand aan Sanlam Sky oorbetaal word.

Die betaling moet vergesel wees van 'n skedule wat die volgende inligting bevat:

- Die lid se volle naam en van
- Die lid se werknemer nommer
- Die lid se ID nommer of paspoort nommer en datum van geboorte waar die ID nommer nie beskikbaar is nie.
- Die lid se selfoonnommer

Daar sal twee skedules gebruik moet word, een vir alle lede op Opsie 1 en Opsie 2, en 'n addisionele skedule vir lede wat die "top up" opsie gekies het.

Die bankbesonderhede verskyn hieronder waarin premies betaalbaar is ten opsigte van lede wat Opsie 1 en Opsie 2 geskies het:

- Bank : ABSA
- Rekeningnaam : Sanlam Sky-Funeral
- Tipe rekening : Tjek
- Rekeningnommer : 407 280 9644
- Taknaam: Killarney Mall
- Takkode : 633 605
- Verwysing : NG Kerk van Transvaal

Bostaande bankbesonderhede word ook gebruik vir die "top-up" voordeel se premie.
Die bewys van betaling saam met die skedules word maandeliks gestuur na:

Group Scheme Data Mailbox: SkyGBData@sanlamsky.co.za
Vir enige eise is dit:

Group Scheme Claims: GBGAPClaims@sanlamsky.co.za

Die volgende kontakpersone se eposse en nommers verskyn hieronder

Kontak	Titel	Nommer
Trevor Jacobus	Senior Konsultant trevorj@sanlamsky.co.za	(011) 359 7802
Magda van Dyk	Bedryfsbestuurder magdavdy@sanlamsky.co.za	(011) 359 3265
Anneline Moodley	Eise bestuurder Anneline.moodley@sanlamsky.co.za	(011) 359 3173
Natasha Phasumane	Implimenteringskonsultant natashaph@sanlamsky.co.za	(011) 359 3069
Prudence Legodi	Finansies bestuurder prudence@sanlamsky.co.za	(011) 359 3169

Polis voorwaardes

- 'n Lid kwalifiseer vir dekking van die eerste dag aktief en voltyds indiens
- Die maksimum toetree datum is 64 jaar vir die lid en 84 jaar vir die gade
- Wanneer 'n lid met tydelike afwesigheid gaan, bly die werkgewer verantwoordelik vir die premie.
- Dekking sal staak in die volgende gevalle:
    - Die polis deur die NG Kerk van Transvaal of Sanlam gekanselleer word.
    - Wanneer 'n lid bedank of aftree in die geval van Opsie 1 lede
    - Wanneer die lid die voordeelstakingsouderdom bereik (maksimum ouderdom
    - 70 jaar vir Opsie 1 lede)
- Die werkgewer nalaat om die premies te betaal
- Die lid buite die grense van Suid-Afrika is vir langer as drie aaneenlopende maande.

Opbetaalde voordeel

By afsterwe van 'n lid in diens en deel van Opsie 1, sal Sanlam 'n sertifikaat van opbetaalde voordele uitreik aan die lid se oorlewende afhanklikes, wat bevestig dat dekking sal voortgaan in terme van die polisvoorwaarde van Opsie 1 sonder enige premies.

Opbetaalde voordeel by ongeskiktheid

Vir lede op Opsie 1 wat kwalifiseer vir ongeskiktheidsvoordele, sal Sanlam 'n sertifikaat van opbetaalde voordele uitreik aan die lid vir dekking van die lid en afhanklikes wat bevestig dat dekking sal voorgaan in terme van die polisvoorwaardes van Opsie 1 sonder enige premies.

Repatriasie voordeel

In die geval van afsterwe van ‘n verskerde, sal die versekeraar die nodige vervoer-reëlings tref vir die oorledene se oorskot binne die grense van Suid-Afrika.

Uitsluitings en beperkings

Geen voordele sal betaalbaar wees in die volgende gevalle:

- Selfmoord binne die eerste 24 maande van lidmaatskap.
- Aktiewe deelname aan oorlog, “*invasion Acts of foreign enemies, hostilities, war-like operations, civil war, rebellion, revolution, insurrection.”*
- As gevolg van *“Nuclear, biological or chemical weapons or any radioactive contamination”*
- As gevolg van direkte of indirekte aanvalle op, of van fasiliteite.

Kwalifisering

Alle versekerde lede in terme van die polis moet binne die grense van Suid-Afrika woon.
Geen voordele sal aan lede betaal wat permanent buite grense woon vir ‘n tydperk van 3 aaneenlopende maande, of meer.
Voordele kan slegs in ‘n Suid-Afrikaanse bankrekening inbetaal word.

Eise

Die werkgewer stel Sanlam binne 10 dae van afsterwe in kennis van die eis.

Die werkgewer sal die volgende dokumente indien ten opsigte van ‘n eis:

- Die Sanlam eisvorm, volledig voltooi
- Gesertifiseerde afskrif van die sterfte sertifikaat
- Gesertifiseerde afskrif van die lid se ID
- Gesertifiseerde afskrif van die eiser se ID
- Die Notice of death BI 1663 vorm, alle bladsye
- Afskrif van die eiser se jongste bankstaat, 1 bladsy
- In die geval van ‘n doodgebore kind , die mediese verslag vanaf die dokter
- In die geval van ‘n onnatuurlike sterfte, ‘n afskrif van die polisie verslag
- In die geval van ‘n meerderjarige afhanklike, bevestiging van voltydse studie, of mediese verslag wat die afhanklikheid/ongeskiktheid van meerderjarige afhanklike bevestig.

Voorbeeld van hoe die skedules moet lyk

Skedule vir Opsie 1 en Opsie 2

EMPLOYER : NG Delmas
MONTH : March 2022

Member name and Surname	Member ID number	Member benefit	Member premium
Piet Ndlovu	800101000000080	R 15 000	R 16,80
Totaal			**R 16,80**

Skedule vir "Top -Up"

EMPLOYER : NG Delmas
MONTH : March 2022

Member name and Surname	Member ID number	Member benefit	Member premium
Piet Ndlovu	800101000000080	R 5 000	R 18.00
Totaal			**R 18.00**

Volledigheidshalwe word die volgende dokumente aangeheg:

1. Volledige groeppolis *(NG Kerk van Transvaal Compulsory Funeral Aid Scheme)* wat al die terme, voorwaardes en woorde verduidelik wat kortliks hierbo uiteengesit is.
2. Polis skedule en belangrike openbaarmakings *(Policy schedule and important disclosures*). Hierdie is 'n "verkorte" weergawe van die hoofpolis.
3. Opdateringsvorm vir nuwe lede of vir bestaande lede wat versekerde lewens wil wysig.
4. Vorm oor POPI Wetgewing wat deur die lid onderteken moet word.

Indien u enige vrae het, kan u gerus een van die kontaknommers skakel vir groter duidelikheid.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER